

# St. Hendrik II

## 13 Julie

(973—1024)

Keiser Hendrik en sy vrou, Kunegunde, was sekerlik een van die merkwaardigste vorstelike egpare in die geskiedenis. Hierdie twee diepgelowige mense het hul taak as heersers beskou om die armes en behoeftiges van hul ryk te help. Net so was die welsyn van die Kerk en die opleiding van bekwame sieleherders vir hulle van die allergrootste belang. Die heilige Hendrik word vereer as die beskermheilige van kinderlose egpare en gestremde mense.

© Die Oratorium Uitgewery